

Waterredding



“As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur rivier, hulle sal jou nie wegspoel nie...”
- Jesaja 43:2

Doelwit: Om die Verkenner deur die aanleer van waterreddingsvaardighede beter toe te rus om 'n drenkeling te red en om ongelukke te voorkom.
Weergawe: 2009
Datum: Oktober 2009

Begroning

Voortrekkerkode: 8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Hierdie spesialisasie bevorder die Verkenner se burgerskap en Christenskap deur die aanleer van vaardighede wat die Verkenner in staat sal stel om sy medemens tot diens te wees in 'n noodsituasie. Om leierskap te beoefen in 'n noodsituasie verg toewyding en sterk leierskap. Beide is eienskappe wat die Verkenner tydens die spesialisasie kan bemeester.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	5 dae	Graadgroep:	10 - 12
Voorvereistes:	Die Verkenner moes die spesialisasie Waterveiligheid reeds afgehandel het.		
Aanbieding:	<ul style="list-style-type: none">• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.• Verkenners wat lewensredding as sport beoefen en die “Junior Lifeguard Award” by Lifesaving SA gekry het voldoen aan die vereistes vir die spesialisasie en kan met inhandiging van bewys van die toekenning die kentekens ontvang.		
Toekennings instansie:	Kommando, Gebiedskamp		

Uitkomst

Om die kentekens te verwerf moet die Verkenner:

1. Bewus wees van watergevaar in die binneland met betrekking tot:
 - 1.1 Riviere en damme
 - 1.2 Swembaddens
2. Ongelukke in die water kan voorkom deur:
 - 2.1 Potensiële drenkelinge te herken
 - 2.2 Potensiële hoë-risiko swemmers te kan identifiseer
 - 2.3 Vermoeide swemmers te kan identifiseer
 - 2.4 Aktiewe drenkelinge te kan identifiseer
 - 2.5 Passiewe drenkelinge te kan identifiseer
3. Die volgende toerusting kan onderhou:
 - 3.1 Toue en dryfmiddels
 - 3.2 Malibuborde/bote



Waterredding



4. Vertrouwd wees met ten minste die volgende reddingstegnieke en bewys lewer dat hy dit bemeester het:
 - 4.1 Betreding van water
 - 4.2 Benadering van drenkeling
 - 4.3 Verwydering uit water
 - 4.4 Beweging van drenkeling op wal
 - 4.5 Kontakredding:
 - 4.5.1 Kopdra metode
 - 4.5.2 Kruisbors metode
 - 4.5.3 Vermoeide swemmer metode
 - 4.6 Nie-kontak redding
 - 4.7 Ontsnappingstegnieke

5. Die volgende reddingstoerusting korrek kan gebruik:
 - 5.1 Malibuborde en ander dryfborde
 - 5.2 Gooitoue

6. Geïmproviseerde dryfmiddels kan identifiseer, maak en gebruik.

7. Die volgende kommunikasieprosedures ken en gebruik:
 - 7.1 Uit die water na redders op die wal
 - 7.2 Van die wal na redders in die water

8. Die volgende noodhulpprosedures bemeester:
 - 8.1 Kardio Pulmonêre Resussitasie vir volwassenes en kinders
 - 8.2 Herstel posisie
 - 8.3 Vomering dril
 - 8.4 Drenkelinge met nek- en/of rugbeserings in water en op land veilig kan hanteer.

